

Hoofstuk van die dag: Rut 1

> *My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom noem julle my nog Naomi? Die Here het dan teen my gedraai, die Almagtige het ’n ramp oor my gebring. (vers 21)*

Naomi was aan die ontvangkant van ramp op ramp. En die ergste van alles is dat Naomi nie net alles en almal wat vir haar

dierbaar is, verloor het nie – God is afwesig. Hy het teen haar gedraai, sê Naomi.
Hoe beleef jý vir God in jou krisis? Dat Hy afwesig is, of dalk jou vyand geword het? Wil jy ook jou vuis in die lug bal omdat die hemel vir jou leeg geword het? Of hou jy net op om te bid en op om te glo, omdat dit tog nie help nie?
Natuurlik was God nie afwesig nie. Naomi het net op die verkeerde plekke na Hom gesoek. As Naomi beter verstaan het hoe God werk, sou sy dalk vir Rut raakgesien het. Sy het verwag Hy moet vir haar sorg deur alles reg te dokter. Maar God se sorg kom dikwels uit ander oorde as wat ons verwag. Deur mense soos Rut wat bereid is om die laste van ander te dra (Gal. 6:2).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026